

# SA benodig middeweg

**Amanda Gouws**



Die land het die laaste paar weke met ingehoue asem gewag om te hoor wat met die saak teen Pravin Gordhan, die minister van finansies, gaan gebeur. Gister het ons gehoor die klagte teen hom word laat vaar.

Ons is die laaste paar weke blootgestel aan *the politics of the spectacle*, asook *wars by proxy* wat deur die Jacob Zuma-kamp teen sy eie kollegas gevoer word.

Waar die Nkandla-sage die vorige brandpunt was, is dit nou staatskaping. Die president is in albei gevalle die middelpunt.

Presies hoe oop en bloot die geveg oor staatskaping geraak het, blyk uit die sprekerslys van *The New Age* (wat deur die Guptas gefinansier word) se sakeontbyt Donderdag in Sandton: Hlaudi Motsoeneng, Mzwanele “Jimmy” Manyi, Andile Mngxitama (Black First, Land First), Aaron Tshidzumba en James Aguma.

Ter ondersteuning van Zuma redeneer hulle die staat is deur Gordhan en groot sakelui, soos die Ruperts, gekaap. Aan die ander kant sal Thuli Madonsela se verslag ’n saak uitmaak dat die staat gekaap is deur Zuma en die mense wat op sy patronaatskap staatmaak. Albei gebruik die konsep staatskaping, maar lynreg teenoor mekaar.

Die gebruik van konsepte en hoe



**Pres. Jacob Zuma saam met sy vriend Atul Gupta by die Wanderers-krieketstadion. Albei was deel van die openbare beskermer se ondersoek na staatskaping.**

Foto: SIYABULELA DUDA

dit ingespan word, het te doen met wat die Franse filosoof Michel Foucault die “apparatuur van waarheid” genoem het. Hy het gesê die stryd om die waarheid gaan nie oor die feite (wat wel gevind kan word) nie, maar oor die status van waarheid en die politieke en ekonomiese rol wat dit speel. Dit gaan

oor wie die mag het om die “waarheid” te vestig en te handhaaf. Foucault het gesê dit is nie mense se bewustheid wat verander moet word nie, maar eerder die politieke, ekonomiese en institusionele regime wat die waarheid vestig.

Die #FeesMustFall-studente het ’n soortgelyke argument as hulle sê

universiteite se kurrikula legitimeer ’n sekere interpretasie van die geskiedenis en sluit swart mense se behoeftes aan ’n ander vorm van kennis uit. Dit gaan oor die mag van die kennis van die bestaande kurrikula.

Madonsela het ’n institusionele proses en die reëls van die reg ge-

bruik om by haar waarheid oor staatskaping uit te kom. Dié reëls dien die Grondwet en demokrasie.

Institusionele prosesse en regsreëls is ook gebruik om Gordhan te vervolg, maar op ’n baie siniese manier en so onreëlmstig dat Vlok Symington, ’n amptenaar van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, in sy kantoor aangehou is sodat hy ’n verklaring teen Gordhan moet onderteken.

“Waarheid” is dus diep gesetel in mag. Dit sou miskien gehelp het om eerder oor geregtigheid te dink en te vra wat in belang van ons almal is (*the public good*).

Die gebruik van staatsinstellings tot voordeel van ’n klein groep is nie in goeie openbare belang nie; so ook nie die afbrand van geboue en geriewe nie. Geregtigheid sou daarin geleë wees om te vra hoe ons die erge ongelykheid in Suid-Afrika kan verander sodat meer mense grond, onderwys en werk kan hê. Hiervoor het ons ’n regimeverandering nodig wat gegrond is op ’n sosiale kontrak tussen ryk en arm, tussen dié wat regeer en dié wat geregeer word, tussen dié wat onderrig gee en dié wat onderrig kry, tussen wit en swart.

Die stryd wat teen ongeregtigheid en mag gevoer word, raak ons almal. Ons kan nie die polarisasie wat ons nou sien langer laat voortgaan nie. Ons het ’n middelgrond nodig as ons vorentoe wil beweeg.

■ **Prof. Gouws doseer politieke wetenskap aan die Universiteit Stellenbosch.**